Ps. 98: 1, 2. ~~Ges.~~ 81: 1, 11, 12. Ges. ~~95:~~ 4 (Ges. 100: 2, 3) Xtus se Blydskap — en Ons Sin. Joh. 15: 7-16 N (a. kp, 19 Febr. 1961.

Joh. 15: 11 - Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.

Hierdie woorde klink so mooi: om te praat van vreugde en blydskap asof dit iets is wat sommar so maklik na ons kan kom (so vir vat net met die uitsteek van die hand)! Hoe mens 'n mens dat dit kan gebeur: want wat is die lewe as 'n mens nie plesier daarin vind, watter sin het ons bestaan sonder blydskap! Maar is ~~so iets~~ dit moontlik om dd. blydskap te ontvang en te geniet? En kan die Xtene meer afvan ontvang en behou as die wêreldling of die heiden? Kan ons godsdiens ons help om groter blydskap te bekom en te behou? Of is ons Xtskap juis besig om ons al ons plesier te ontneem?

As ons die Bybel deurlees verbaas dit ons om te lees van hoeveel mense daar is van wie heeltyd word watter vreugde & blydskap hulle besit het: Dawid, Jesaja, Xtus, die dissipels na die uitstorting v.d. H Gees, Paulus wat in sy briewe die wd. „blydskap" keer op keer gebruik (lang lys tekste in konkordans w/in die woord voorkom). Dit lyk op d. oog of díe mense wat naby aan God geleef het, hd. blydskap in 'n oorvloedige mate besit het!

Sê dit nou net vir die deursnee wêreldling en hoor wat antwoord hy u:

① Ja jong, papier is geduldig — die storie klink mooi, maar was dit nou werklik so?

② Kyk na vandag se Xtene, die kerkmense, ja, na die ganse Xtdom: waar is dd. spontane, jubelende, juigende, stralende blydskap? Maak hulle nie eerder d. Hoorgestelde indruk nie:

a) uitdruk van ~~neerslagtigheid~~ onvergenoegdheid, van klaagsiekheid, van te betwis dat die lewe ons nie billik en regverdig behandel nie

b) uitdruk van neerslagtigheid, van lewensmoegheid, van besielingloosheid: glo nie wat hulle voorgee nie

c) uitdruk van vreesbevangenheid, angs & spanning!

Is die wêreld nie in meer as een opsig reg in hulle siening v.d. Xdom nie? Reg in hulle diagnose van ons voorkoms nie?

En Christus self — hoe het dit met Hom gestaan? Was Hy ook so? Of het Hy blydskap in al sy volheid geken? Hierop kan ons gelukkig dadelik met 'n besliste JA antwoord omdat sy hele lewe vertel van 'n vreugde, van 'n blymoedigheid wat ons jaloers maak!

Die Geheim van Xtus se Blydskap: Hy praat van „My Blydskap" om te wys dat dit iets is met 'n ander kwaliteit as ons mense se blydskap. Agter hd. blydskap was daar 'n geheim wat Hy besit het en ander nie, soos bv. een ~~[struck]~~ mediKus 'n geheim van 'n voorskrif vir 'n sekere siekte besit wat ander nie het nie — net daardie iets meer wat al die verskil maak. Wat was Xtus se geheim?

① Die Wete dat God Hom liefhet: (v. 9) Gedurig was Xtus h/o bewus — selfs onder die moeilikste omstandighede: die innige en tere liefde van God d. Vader vir sy Seun — 'n liefde wat Hom besiel en bemoedig en versterk het, 'n liefde wat Hom so oormoedig het dat Hy nie anders kon as om innig bly en dankbaar daaroor te wees nie!

② Die Verlange om in dd. liefde te bly:

Maar Xtus het nie net geniet nie — Hy het gebrand om dd. liefde te bewaar deur God te gehoorsaam. Hy het besef dat daar die nouste verwantskap is tussen die liefde v God te ontvang en die gebooie v God te gehoorsaam. En hoe meer Hy dit gedoen het, hoe gelukkiger was Hy!

③ Drang om dd. liefde aan mense te bewys:

Dit was Xtus se hele strewe: om hd. liefde van God aan mense te bewys: aan sy dissipels, aan die Farisieërs en tollenaar, aan die Jood en die Samaritaan. En hoe meer dd. liefde van Hom uitgegaan het, hoe blyer het sy lewe geword!

Die Xten se Besit van hd. Blydskap: As 'n mens so hunker na al die blydskap wat Xtus besit het, dan lek jy byna jou lippe af as jy sê: Ai, kon ek maar iets van hd. blydskap hê! Waarom het Xtus dit dan nie oordraagbaar gemaak nie?

Dis juis die punt: Xtus het! Hy sê dit ook: „dat my blydskap in julle kan bly" M.a.w. Hy gaan uit van die sekerheid dat sy dissipels reeds die blydskap besit en dat hulle nou net moet bewaar en behou. Xtus wil hulle — en ons — laat verstaan dat die oomblik wanneer ek Xtus ontmoet, wanneer iets van sy lewe in my oorgaan, dan begin ek 'n ontvanger word van sy blydskap, sy opgewektheid, sy godd. optimisme — en hoef ek dit nooit weer te verloor nie! Want d/Xm het Hy in ons lewe ingekom dat ons lewe en oorvloed kan hê! Ook oorvloed van opgewekte lewensblyheid!

Maar waarom het ons dit nie altyd nie? Waarom moet ons so worstel om dit te behou? Hoekom is ons blydskap nes die weer: nou

lekker aangenaam en môre weer suikheet en bedompig?

Die antwoord is nie so moeilik nie. Ons word berowe van hd. blydskap ~~sodra~~:

① Sodra ons vergeet dat God ons liefhet om Xtus wil

② Sodra ons Gods geboois ~~[illegible]~~ oortree en verwerp: enige bewuste sonde vashou, sy Gees bedroef as Hy ons werk gee en ons weier, enige gesindheid wat skeiding maak: haat, ontrou.

③ Sodra ons nie die liefde uitleef teenoor ons naaste: Enige onchrist. gesindhd teenoor enige medemens – meerderwaardigheid, vooroordeel, afsydigheid –, enige sondige vrees of kommer oor ons gesondhd, ons toekoms (Br. Blanke) – alles tekens dat ons liefde ontbreek en dat ons God nie vertrou! En dit steel alle blydskap weg!

Xtus se Bede: dat julle blydskap volkome kan word